UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BYLAAG A

Dr. L.D. du Toit
Skoolhoof
Duo Edu Senior Onafhanklike Skool
Pretoria

Geagte Doktor du Toit

AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE UITVOER VAN TWEE GEVALLESTUDIES BY DUO EDU SENIOR ONAFHANKLIKE SKOOL

Hiermee doen ek Berna Bouwer, ingeskrewe MEd-student in die Departement Opvoedkundige Sielkunde, aansoek om skriftelike teostemming en goedkeuring vir die uitvoer van twee gevalstudies by u skool vir die doeleindes van 'n MEd-studie.

Die doel van die studie is om die moontlike potensiaal en beperkinge van emosionele intelligensie fassilitering by leerders met 'n leergestremdheid te ondersoek.

U gunstige oorweging in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Vriendelike groete

Berna Bouwer

Goedgekeur

Dr. L.D. du Toit
Skoolhoof
Duo Edu Senior Onafhaklike Skool
Pretoria

Hiermee word toestemming verleen dat Me. Berna Bouwer haar navorsingstudie by Duo Edu Senior Onafhanklike Skool kan afneem. Verdere toestemming word verleen vir die gebruik van die skool se naam in haar navorsingsresultate en haar skripsie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ANNEXURE D

UNIVERSITY OF PRETORIA

FACULTY OF EDUCATION

RESEARCH ETHICS COMMITTEE

| | |
|---|---|
| **CLEARANCE CERTIFICATE** | **CLEARANCE NUMBER :** EP07/03/01 |
| **DEGREE AND PROJECT** | MEd Educational Psychology<br>Fasilitering van Emosionele Intelligensie by leerders met verbale leergestremdhede. |
| **INVESTIGATOR(S)** | Berna Bouwer - 9609165 |
| **DEPARTMENT** | Educational Psychology |
| **DATE CONSIDERED** | 13 April 2007 |
| **DECISION OF THE COMMITTEE** | APPROVED |

*This ethical clearance is valid for* 2 *years from the date of consideration and may be renewed upon application*

| | |
|---|---|
| **CHAIRPERSON OF ETHICS COMMITTEE** | Dr S Human-Vogel |
| | 14 September 2007 |
| CC | Prof J G Maree<br>Dr L Ebersohn<br>Dr R Ferreira<br>Me K Mohangi<br>Mrs J Beukes |

This ethical clearance certificate is issued subject to the following conditions:

1. A signed personal declaration of responsibility
2. If the research question changes significantly so as to alter the nature of the study, a new application for ethical clearance must be submitted
3. It remains the students' responsibility to ensure that all the necessary forms for informed consent are kept for future queries.

Please quote the clearance number in all enquiries.

EDUO EDU
Faks/Fax: 012 993 0280
E- Pos/E-mail: daniedt@global.co.za

# Senior Onafhanklike Skool

cc 2003/047882/23

Wie dit mag aangaan,

Hiermee verleen ek, ________________ toestemming dat Me. B. Bouwer my vir haar MEd-studies navorsingsprojek kan gebruik.

Ek neem uit vrye wil aan die studie deel en kan te enige tyd onttrek, sou ek wou.

Ek besef dat ek nie benadeel sal word deur my deelname aan die studie nie.

Ek neem kennis dat alle vorige opvoedkundige sielkundige-verslae asook rapporte vir die studie gebruik mag word en dat Me. B. Bouwer my identiteit te alle tye sal beskerm.

Ek mag deelneem aan al die fasette van die navorsing en die data-insameling asook die uiteindelike fasiliteringsprogram vir emosionele intelligensie.

Me. B. Bouwer het my ingelig oor die doel en aard van die navorsing asook die uiteindelike navorsingskripsie waarin die resultate opgeneem en gedokumenteer sal word.

Geteken: ________________ te: Pretoria

op hierdie dag van: 13 September 2007.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

EDUO EDU
Tel: 012 993 4453
Faks/Fax: 012 993 0280
E- Pos/E-mail: daniedt@global.co.za

# Senior Onafhanklike Skool

cc 2003/047882/23

Wie dit mag aangaan,

Hiermee gee ek, ________________ ouer van ________________ toestemming dat sy mag deelneem aan die navorsingsprojek van Me. B. Bouwer vir haar MEd-studies.

Ek is ingelig oor die feit dat ________________ uit vrye wil aan die studie deelneem en dat sy enige tyd kan onttrek, sou sy wou.

Ek besef dat ________________ nie benadeel sal word deur haar deelname aan die studie nie.

Ek neem kennis dat alle vorige opvoedkundige sielkundige-verslae asook rapporte vir die studie gebruik mag word en dat Me. B. Bouwer my dogter se identiteit te alle tye sal beskerm.

________________ mag deelneem aan al die fasette van die navorsing en die data-insameling asook die uiteindelike fasiliteringsprogram vir emosionele intelligensie.

Me. B. Bouwer het ons ingelig oor die doel en aard van die navorsing asook die uiteindelike navorsingskripsie waarin die resultate opgeneem en gedokumenteer sal word.

Geteken: ________________ te: Pretoria

op hierdie dag van: 13 September 2007.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faks/Fax: 012 993 0280
E- Pos/E-mail: daniedt@global.co.za

# Senior Onafhanklike Skool

cc 2003/047882/23

Wie dit mag aangaan,

Hiermee verleen ek, ____________________ toestemming dat Me. B. Bouwer my vir haar MEd-studies navorsingsprojek kan gebruik.

Ek neem uit vrye wil aan die studie deel en kan te enige tyd onttrek, sou ek wou.

Ek besef dat ek nie benadeel sal word deur my deelname aan die studie nie.

Ek neem kennis dat alle vorige opvoedkundige sielkundige-verslae asook rapporte vir die studie gebruik mag word en dat Me. B. Bouwer my identiteit te alle tye sal beskerm.

Ek mag deelneem aan al die fasette van die navorsing en die data-insameling asook die uiteindelike fasiliteringsprogram vir emosionele intelligensie.

Me. B. Bouwer het my ingelig oor die doel en aard van die navorsing asook die uiteindelike navorsingskripsie waarin die resultate opgeneem en gedokumenteer sal word.

Geteken: ____________________ te: Pretoria

op hierdie dag van: 13 September 2007.

Faks/Fax: 012 993 0280
E- Pos/E-mail: daniedt@global.co.za

# Senior Onafhanklike Skool

cc 2003/047882/23

Wie dit mag aangaan,

Hiermee gee ek, ____________________ ouer van ____________ toestemming dat hy mag deelneem aan die navorsingsprojek van Me. B. Bouwer vir haar MEd-studies.

Ek is ingelig oor die feit dat ______________ uit vrye wil aan die studie deelneem en dat hy enige tyd kan onttrek, sou hy wou.

Ek besef dat ______________ nie benadeel sal word deur sy deelname aan die studie nie.

Ek neem kennis dat alle vorige opvoedkundige sielkundige-verslae asook rapporte vir die studie gebruik mag word en dat Me. B. Bouwer my seun se identiteit te alle tye sal beskerm.

________________ mag deelneem aan al die fasette van die navorsing en die data-insameling asook die uiteindelike fasiliteringsprogram vir emosionele intelligensie.

Me. B. Bouwer het ons ingelig oor die doel en aard van die navorsing asook die uiteindelike navorsingskripsie waarin die resultate opgeneem en gedokumenteer sal word.

Geteken: ____________________ te: Pretoria

op hierdie dag van: 13 September 2007.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BYLAAG B

# JOPIE VAN ROOYEN

## CERTIFICATE OF ACCREDITATION

This certificate acknowledges that

B. Bouwer

PSIN0094684

successfully completed the following accreditation training:

BarOn Emotional Quotient Inventory (BarOn EQ-i®)

Training

on

15-17 May 2007

EQ-i - 045 - 770518 - 2007

jopie van rooyen

Dr. R. Scherrer

28 June 2007

Date

jopie van rooyen & partners sa (pty) ltd
sub-saharan africa test distributors, publishers and consultants

JOHANNESBURG HEAD OFFICE
15 Hunter Avenue o Ferndale o Randburg o 2194
P.O. Box 2560 o Pinegowrie o 2123 o Johannesburg o South Africa
+27 11 781 3705/6/7 (tel) o +27 11 781 3703 (fax) o training@jvrafrica.co.za

CAPE TOWN REGIONAL OFFICE
Block 3 Oude Westhof Village Square o Van Riebeeckshof Road o Bellville o 7530
P.O. Box 5534 o Tygervalley o 7536 o Cape Town o South Africa
+27 21 913 0541 (tel) o +27 21 913 0542 (fax) o capeinfo@jvrafrica.co.za

Co.Reg.No. 2001/015618/07 VAT Reg.No. 4300195064

---

EQ-i® BarOn Emotional Quotient Inventory

## Certificate of Completion

This is to certify that

*Berna Bouwer*

has successfully completed the

**EQ-i© Certification Workshop**

Facilitated by **Renate Scherrer** on behalf of **Jopie van Rooyen & Partners** on **May 15–17, 2007** in **Johannesburg** and is now qualified to purchase and use EQ-i©.

Steven J. Stein,
Chief Executive Officer
Multi-Health Systems Inc.

MHS

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BYLAAG C

**Bylaag C: Diagnostiese kriteria vir verbale leergestremdhede**

(American Psychiatric Association. 2005:46-53. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* DSM-IV-TR®).

| **Leesgestremdheid** | **Wiskunde-gestremdheid** | **Geskrewe taal gestremdheid** |
|---|---|---|
| (ICD -9 code: 315.00) | (ICD -9 code: 315.1) | (ICD -9 code: 315.2) |
| "A. Reading achievement, as measured by individually administered standardised tests of reading accuracy or comprehension, is substantially below that expected given the person's chronological age, measured intelligence, and age-appropriate education. | A. Mathematical ability, as measured by individually administered standardised tests, is substantially below that expected given the person's chronological age, measured intelligence, and age-appropriate education. | A. Writing skills, as measured by individually administered standardised tests (or functional assessments of writing skills), are substantially below that expected given the person's chronological age, measured intelligence, and age-appropriate education. |
| B. the disturbance in Criterion A significantly interferes with academic achievement or activities of daily living that requires reading skills. | B. the disturbance in Criterion A significantly interferes with academic achievement or activities of daily living that requires mathematical ability. | B. the disturbance in Criterion A significantly interferes with academic achievement or activities of daily living that require the composition of written text (e.g., writing grammatically correct sentences and organised paragraphs). |
| C. If a sensory deficit is present, the reading difficulties are in excess of those usually associated with it. | C. If a sensory deficit is present, the difficulties in mathematical ability are in excess of those usually associated with it. | C. If a sensory deficit is present, the difficulties in writing skills are in excess of those usually associated with it." |

In gevalle waar akademiese prestasie betekenisvol laer is as wat die leerder se potensiaal aandui, en aan die bogenoemde kriteria voldoen word, kan 'n diagnose gemaak word van die spesifieke leergestremdheid. Waar 'n kombinasie van die bovermelde kriteria of al die kriteria nagekom is, word 'n kombinasie van leergestremdhede gediagnoseer.

# BYLAAG E

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Bylaag E: Informele onderhoude

## Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude
## Onderhoud met Deelnemer A

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| D | Deelnemer |

| | |
|---|---|
| N: Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek gaan jou 'n paar vrae vra, wees rustig, vat jou tyd en antwoord eerlik. Onthou net dat ek niks wat jy sê beoordeel nie, so jy kan op jou gemak wees. | |
| D: Dankie ek sal my bes probeer. | |
| N: Vertel my bietjie van jouself. | |
| D: Ek is Deelnemer A. Ek is 16 jaar oud en kom uit 'n lieflike huis. Ek het bruin oë, swart hare en is 1.78 meter lank. Ek het 'n sussie en sy is nogal moeilik want sy word nou 'n tiener. My pa en ma is lieflike mense wat my bystaan met alles. Ek is in Duo Edu skool en kom vir die eerste keer vandat ek in die hoërskool is my vakke met goeie punte deur ek het nogal baie gesukkel want ek het te stadig gewerk. Ek begin nou vir die eerste keer goeie punte kry. Ek het twee goeie vriende. My vriende sê ek is 'n nar, maar ek is ook sag. Ek hou van ander mense gelukkig maak maar ek worry maklik. Ek hou van wen en vat dit nie so goed wanneer ek verloor nie. Dit maak my kwaad. Ek hou van my vriende en groepsdruk het my nog nooit gepla nie. | Selfaktualisering<br>Interpersoonlike verhoudinge<br>Strestoleransie<br>Onafhanklikheid |
| N: Maak jy maklik vriende? | |
| D: Ek is 'n goeie vriend en daarom maak ek maklik vriende. Ek is 'n vriendelike mens. Almal sê altyd so. | Selfwaarde |
| N: Jy sê dat jy nou vir die eerste keer vakke deurkom, kan jy bietjie uitbrei hierop? | |
| D: Ek het baie gesukkel by die skool want ek het stadig gewerk en nie die werk verstaan nie. Ek het probeer maar ek kon nie reg kom nie. Ek het eintlik nog altyd gesukkel met skoolwerk. Ek sukkel om te sê hoe ek voel. | Negatiewe belewing van vermoëns |
| N: Hoe het jy dit hanteer? Wat het jy gedoen om dit te oorkom? | |
| D: My ma het my baie gehelp. En ek was vir baie terapie, ek het ook hard probeer, maar dit was nie maklik nie. Voordat ek na die | Selfaktualisering |

| | | |
|---|---|---|
| | skool gekom het was daar 'n tyd wat ek nie wou skool toe gaan nie. | Ontwykende gedrag |
| N: | Mens kan dit verstaan. Terwyl ons besig is met die nie so lekker dinge van skool nie, kan jy my vertel van jou slegste herinnering van skool tot op hede. | |
| D: | In 2002, ek was nog in die laerskool. Dit was net 'n baie slegte jaar en ek het toe van skool geskuif. Ek het geen vriende gehad nie en dit was baie sleg. | Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Wat dink jy was die rede? | |
| D: | Ek is deur 'n slegte tyd maar ek was al by 'n sielkundige en ek is nou ok. | |
| N: | Ek kan hoor jy wil nie eintlik daaroor praat nie, en dis ok. Vertel my van jou beste herinnering van jou skoolloopbaan tot dusver? | |
| D: | Toe ek na Duo Edu gekom het en almal was gaaf met my. Die eerste dag van skool was so lekker ek het gevoel vir die eerste keer in my lewe dat ek pas. Ek het daai dag geweet ek gaan hier regkom. Ek begin nou goed doen. | Interpersoonlike verhoudinge<br>Optimisme<br>Selfwaarde |
| N: | Dis 'n lekker herinnering. Jy het net nou genoem dat jy nie eintlik vriende gehad het nie, vertel vir my wat is dit in iemand anders wat maak dat jy van hulle hou of nie van hulle hou nie. | |
| D: | Wel ek hou van mense wat vriendelik en gaaf is. Ek hou niks van mense wat misluk en windgat is nie. Dit is nie vir my belangrik om *cool* te wees nie en ek hou niks van mense wat dink hulle is beter as ander nie. Mense wat dink hulle is beter as ander maak my kwaad. | Onafhanklikheid |
| N: | Hoe hanteer jy dit as jy kwaad is? | |
| D: | Nie goed nie, ek wil alles stukkend slaan en skreeu. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Werk dit vir jou? | |
| D: | Wel nie rêrig nie, ek kom nogal in die moeilikheid daaroor. | Bewustheid van self |
| N: | Ek kan dit verstaan. Watter ander goed maak jou nog kwaad? | |
| D: | Mense wat nie ordentlik is nie, en mense wat my sonder respek behandel. En mense wat dink hulle is beter as ek. | |

| | |
|---|---|
| N: Hoe hanteer jy ander emosies, soos wanneer jy hartseer is? | |
| D: Ek huil. | |
| N: En wanneer jy gelukkig is? | |
| D: Ek lag en is bly. | |
| N: En wat van wanneer jy teleurgesteld is? | |
| D: Ek is baie geskok. Soos as my ma-hulle iets belowe en dit werk nie uit nie, dan pla dit my nie. Ek weet daar het iets voorgeval en hulle sou as hulle kon. Ek glo dinge sal uitwerk soos dit moet. Alles het 'n doel en 'n rede. | Realiteitstoetsing<br>Optimisme |
| N: Wat doen jy as jy 'n probleem het? | |
| D: As ek 'n probleem het bid ek eerste daaroor. Dan soek ek hulp. | Probleemoplossing |
| N: Wat sou jy sê is jou slegste eienskap? | |
| D: Ek dink dat ek soms te veel wil wen. Ek is baie kompetisie gerig en wil graag die beste wees. Dis sleg as mens te veel van jouself dink want dan sien jy neer op ander. Ek hou nie van veranderinge nie dit is vir my moeilik. | Buigsaamheid |
| N: Hoe kan jy dit dalk verbeter? | |
| D: Ek weet nie. | |
| N: Wat sou jy sê is jou beste eienskap? En hoekom? | |
| D: Ek is baie liefdevol want dan gee mense om vir ander. Ek is geneig om 'n *pleaser* te wees en ek word nie maklik kwaad nie. Ek is gelukkig. | Bewustheid van self<br>Selfgeldendheid<br>Gelukkigheid |
| N: Jy is 'n absolute ster gewees. Baie dankie. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude
## Onderhoud met Deelnemer B

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| D | Deelnemer |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek gaan jou 'n paar vrae vra, wees rustig, vat jou tyd en antwoord eerlik. Onthou net dat ek niks wat jy sê beoordeel nie, so jy kan op jou gemak wees. | |
| D: | Dis reg. | |
| N: | Vertel my bietjie van jouself. | |
| D: | Ek is oulik en baie vriendelik. Baie mense sê eks hulpvaardig. Ek hou van glimlag en hou daarvan om pret te hê. Dis lekker. Ek het 'n sagte hart en is lief vir diere. Ek is in Duo Edu omdat ek nie so lekker reg gekom het met skool nie. Maar ek is baie gelukkig hier. Ek doen my werk, ek werk sommer op my eie. Ek is altyd vriendelik en gelukkig en ek glo dinge werk soos dit moet. Ek sê maklik hoe ek voel. Wat reg is, is reg. My ouers is baie lief vir my en ondersteun my baie. Ek het een broer en ek is in 'n verhouding met Pieter. Ek weet hoe die wêreld werk en ek werk hard en kry goeie punte. | Bewustheid van self<br>Gelukkigheid<br>Optimisme<br>Selfgeldendheid<br>Interpersoonlike verh<br>Realiteitstoetsing<br>Selfaktualisering |
| N: | Jy het iets genoem dat jy nie lekker reg gekom het in die skool nie. Kan jy my meer vertel? | |
| D: | Ek het baie gesukkel met leerwerk en kon nie lekker aandag gee nie. Ek en my broer is op *Ritallin*° van jongs af. In my vorige skool het die onderwysers altyd gesê ek werk hard maar is dalk net nie mooi by nie. | Bewustheid van self<br>Negatiewe belewing van eie vermoëns en<br>Selfwaarde |
| N: | Sjoe dis sleg. Vertel my van jou beste herinnering van skool tot op hede. | |
| D: | Daar is 'n paar, maar as ek net een mag kies dan sal dit wees toe ek in die nuwe skool gekom het, is ek aan die einde van die jaar aangekondig as die tweede beste studeerder in graad 9. O en toe ek gekies is vir die leerlingraad. (O nou is dit twee, is dit *oraait*?) | Selfwaarde |
| N: | Ja natuurlik. Wat is jou slegste herinnering van skool tot dusver? | |
| D: | Toe twee juffrouens waarvoor ek baie respek het, my sleg gesê | Negatiewe belewing van |

| | | |
|---|---|---|
| | het en vertel het hoe dom ek is, en my van goed beskuldig het wat ek nie gedoen het nie. | onderwysers |
| N: | Ai, wat het jy gedoen toe dit gebeur het? | |
| D: | Ek was baie hartseer en baie kwaad. Ek het eers probeer verduidelik maar hulle wou nie luister nie. Toe word ek nog kwater en loop net. Ek het in die badkamer gaan huil. Dit was nie lekker nie en ek moes tot vyf uur die middag daar sit, want my ma kan my dan eers kom haal. My ma was ook nie tevrede met wat gebeur het nie. | Verbalisering van emosies<br>Strestoleransie<br>Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Wat maak jou nog kwaad? | |
| D: | Mense wat nie my hanteer met respek nie al het ek respek vir hulle. En nog as ander sleg praat van my van goed wat nie waar is nie. Dit maak my baie kwaad. En as mense nie doen wat hulle belowe het nie. Ja en as ek niks verkeerd gedoen het nie en mense beskuldig my. | Aanpassing by veranderinge |
| N: | Hoe hanteer jy dit as jy kwaad is? | |
| D: | Ek tel bv. tot tien. Haal diep asem en los dit. Ek probeer partykeer met die persoon praat, ek sê maklik hoe ek voel. Wat reg is, is reg. Maar ek hou nie van baklei nie so ek sukkel nie met mense nie. Ek los dit liewer. | Selfgeldendheid<br>Strestoleransie<br>Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Dink jy dit werk as jy dit so hanteer? | |
| D: | Wel dit pla my nog na die tyd. Want dit bly tussen ons soos as ek en my vriende baklei dan bly ek nogal lank kwaad. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Wanneer jy vriende kies of nuwe mense ontmoet, watter eienskappe laat jou van hulle hou? | |
| D: | Persone se persoonlikheid moet goed wees en sterk wees. Soos dit moet 'n goeie mens wees. Soos wanneer hulle baie glimlag en hulle *nice* is. | Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Watter eienskap van iemand sit jou af of maak dat jy nie van iemand hou nie? | |
| D: | Dit sit my baie af as ander mense *bitchy* is. Of as hulle dink hulle is beter as ander mense of net sommer lelik is sonder 'n rede. | Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Wat maak jou gelukkig? | |

| | | |
|---|---|---|
| D: | Dit maak my bly wanneer ek by mense is wat *nice* is en van my hou. En goed te doen waar ek myself kan geniet en pret hê. | Interpersoonlike verhoudinge<br>Hantering van emosies |
| N: | Hoe hanteer jy dit as jy gelukkig is? Hoe wys jy dit? | |
| D: | Ek geniet myself en is in 'n goeie bui. | Gelukkigheid |
| N: | Kan jy my meer vertel? | |
| D: | Wel ek probeer altyd wys hoe ek voel, my ma-hulle en vriende sal weet want ek lag dan baie. | Gelukkigheid |
| N: | Hoe hanteer jy dit as jy teleurgesteld is? | |
| D: | Ek probeer om nie daaraan te dink nie al maak dit seer. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | So as ek jou reg verstaan dan probeer jy dit vergeet? | |
| D: | Ja ek try, as ek daaraan dink dan doen ek liewer iets anders. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Hoe hanteer jy dit as jy hartseer is? | |
| D: | Ek praat met iemand en probeer dit uit my hart en liggaam kry. Ek huil maklik oor goed so ek sal in my kamer sit en huil. | Hantering van emosies |
| N: | Dink jy dit werk as jy oor iets huil en praat? Met wie praat jy? | |
| D: | Ek weet nie, my ma sê ek is oorsensitief want ek bly te lank seergemaak. Ek praat met my vriende of met juffrou. | |
| N: | Hoe hanteer jy probleme? | |
| D: | As ek probleme het kyk ek hoe ek dit kan uitwerk. Maar ek is nie goed met dit nie, ek vra eerder hulp as ek 'n probleem het. | Probleemoplossing |
| N: | Watse goed pla jou nog? | |
| D: | Ek hou nie van veranderinge nie, ek voel sommer lus en hardloop weg. Ek raak maklik deurmekaar. Ek weet nie altyd hoe ek voel nie. | Aanpassing by veranderinge<br>Bewustheid van self |
| N: | Wat sou jy sê is jou slegste eienskap? | |
| D: | Ek weet nie maar ek dink dit is dat ek partykeer goed sê wat ander sleg opvat wat ek nie sleg bedoel nie. Ek het al vriende verloor en mense kwaad gemaak. | Bewustheid van self<br>Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Hoe kan jy dit dalk verbeter? | |

| | | |
|---|---|---|
| D: | As mense my ken dan weet hulle mos ek maak net 'n grap en bedoel dit nie in 'n lelike manier nie. | Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Wat sou jy sê is jou beste eienskap? En hoekom? | |
| D: | Ek is baie hulpvaardig, want ek hou baie daarvan om hulle te help. En baie mense het al gesê ek is hulpvaardig en dit is 'n mooi eienskap. Ek is vriendelik en het baie goeie vriende. | Sosiale verantwoordelikheid<br>Selfwaarde |
| N: | Jy was 'n absolute ster gewees. Baie dankie. | |

**Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude**
**Onderhoud met Onderwyseres 1: Deelnemer A**

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| O | Onderwyseres |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek gaan jou 'n paar vrae vra, wees rustig, vat jou tyd en antwoord eerlik. Vertel my meer van Deelnemer A. | |
| O1: | Wel hy is 'n oulike seun. Hy is hulpvaardig en werk nogal hard. Hy kry almal om hom jammer en wil graag ander kinders help. | Selfaktualisering<br>Empatie |
| N: | Hoe sal jy sy klasgedrag beskryf? | |
| O1: | Hy is soms steurend, hy weet nie altyd wanneer om stil te bly nie. | Impulskontrole |
| N: | Hoe hanteer hy probleme in die klas? | |
| O1: | Hy word maklik kwaad, soos die een dag het die klasroosters verander en het kwaad geword en die skoolbank gestamp. | Hantering van emosies<br>Aanpasbaarheid |
| N: | Wat het toe gebeur? | |
| O1: | Hy het baie sleg gevoel en vir my onverskoning kom vra. Hy is regtig 'n liewe kind, hy is selfs in die bid-groepie, maar hy word maklik kwaad. | Goedkeuring<br>Hantering van emosies |
| N: | Het so iets ooit weer gebeur? | |
| O1: | Ja ek het net gehoor dat hy kwaad geword het vir die kinders in sy klas toe hy hulle eendag moes stilmaak. | Hantering van emosies |

| | | |
|---|---|---|
| N: | En hoe het hy gereageer? | |
| O1: | Hy het glo iets gegooi, hy was glo baie kwaad. | Hantering van emosies |
| N: | Baie dankie dat jy bereid was om met my te gesels oor Deelnemer A. | |
| O1: | Ag hy is so dierbare kind. | |

**Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude**
**Onderhoud met Onderwyseres 2: Deelnemer A**

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| O2 | Onderwyseres 2 |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek gaan jou 'n paar vrae vra oor Deelnemer A. Vertel my bietjie van hom. | |
| O2: | Hy is so 'n lieflike kind, hy help altyd almal. Hy dra die meisies wat nie self kan nie se tasse . Hy help die kleiner outjies wat sukkel by die skool. Hy sien homself as die beskermer van almal kleiner en swakker. | Sosiale verantwoordelikheid<br>Selfwaarde |
| N: | Kan jy my bietjie van sy gedrag in die klas vertel? | |
| O2: | In die klas is hy redelik besig, maar hy doen sy werk en is baie hulpvaardig. Hy is nogal lief vir rondloop in klastyd, maar hy is darem baie verantwoordelik. | Impulskontrole<br>Selfaktualisering<br>Onafhanklikheid |
| N: | Hoe hanteer hy probleme in die klassituasie? | |
| O2: | , ek het al gehoor dat ander onderwysers sê dat hy maklik kwaad word, maar in my klas is hy rustig en doen hy sy werk. | Onafhanklikheid |
| N: | Baie dankie vir jou deelname aan hierdie navorsing. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude
## Onderhoud met Onderwyseres 3: Deelnemer A

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| O3 | Onderwyseres 3 |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek gaan jou 'n paar vrae vra. Vertel my van Deelnemer A | |
| O3: | Hy is 'n oulike seun wat met almal gaaf is. Hy is een kind wat mens kan vertrou en hy is altyd vrolik. Mens sien hom nooit sonder daai glimlag nie. | Sosiale verantwoordelikheid<br>Onafhanklikheid<br>Gelukkigheid |
| N: | Hoe sou jy sy gedrag in die klas beskryf? | |
| O3: | Hy is soms woelig, hy maak grappe oor alles, maar as dit werktyd is, dan raak hy nogal ernstig oor sy akademie. Hy raak vinnig kwaad wanneer hy foute maak of as hy iets nie reg kry nie. | Impulskontrole<br>Selfaktualisering<br>Hantering van emosies |
| N: | Kan jy dalk vir my 'n voorbeeld gee hiervan? | |
| O3: | Hy het eenmaal die verkeerde huiswerk in my klas gedoen en toe ek hom daarop wys toe gooi hy sy tas van die bank af. Hy was kwaad vir homself. Op 'n ander geleentheid het ek hom gevra om die klas stil te hou terwyl ek gooi uit is, toe die kinders nie vir hom wou luister nie het hy baie kwaad geword en die borduitveer op die vloer gegooi. Hy kon dit glad nie hanteer nie. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | En op die speelgrond? | |
| O3: | Hy is 'n verantwoordelike kind, hy help die kleintjies en kom roep sommer gou 'n onderwyser as daar 'n probleem op die speelgrond is. Hy het so paar vriende en dit lyk of hy enige iets vir hulle sal doen. | Sosiale verantwoordelikheid<br>Probleemoplossing<br>Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Jy noem dat hy vinnig sal kom roep as daar probleme is, kan jy dalk vir my 'n voorbeeld gee? | |
| O3: | Ag enige iets, soos wanneer die kinders baklei, of as iemand gevang word wat rook of so iets. Hy is op die leerlingraad en neem sy taak baie ernstig op. | Probleemoplossing<br>Sosiale verantwoordelikheid |
| N: | Baie dankie vir jou deelname aan hierdie navorsing. | |

## Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude

## Onderhoud met Onderwyseres 1: Deelnemer B

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| O | Onderwyseres |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Vertel my meer van Deelnemer B. | |
| O1: | Deelnemer B is baie hulpvaardig – sy is altyd bereid om te help. Sy kan soms beïnvloed word deur die ander leerders byvoorbeeld aandag aftrek in die klas. Sy is baie volwasse in terme van haar kommunikasie met ouer persone. Dis lekker om met haar te gesels een tot een. | Sosiale verantwoordelikheid<br>Geen onafhanklikheid |
| N: | Hoe sal jy haar klasgedrag beskryf? | |
| O1: | Sy is soms steurend, sy sal saam met die ander kinders gesels maar meeste van die tyd as ek hulle vra om stil te bly, sal sy stil bly en haar werk doen. | Impulskontrole<br>Onafhanklikheid |
| N: | Hoe hanteer sy probleme in die klas? | |
| O1: | Deelnemer B sal op haar regte staan sy laat nie toe dat enige een oor haar loop nie. Sy sal vir enige iemand sê wat sy dink, maak nie saak wie dit is nie. Sy sê soms goed vir ander sonder om te besef dat sy hulle seermaak. | Selfgeldendheid<br><br>Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Wat gebeur dan? | |
| O1: | Wanneer mens haar konfronteer dan word sy kwaad, bly net stil en gaan huil dan in die badkamer. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Gebeur dit gereeld? | |
| O1: | Nie meer so baie as wat dit in die verlede gebeur het nie. Sy raak nou meer volwasse. | |
| N: | Vertel vir my meer van hierdie volwassenheid waarvan jy praat? | |
| O1: | Wel sy was nog altyd 'n vriendelike, hulpvaardige meisie, maar nou sal sy byvoorbeeld vrae vra soos: "hoekom moet ek dit so doen?" Sy gesels maklik met ander, veral die nuwe kinders. Sy kan soms afbrekende goed sê sonder om te besef dat haar opmerkings hulle moontlik kan seermaak. | Selfgeldendheid<br>Sosiale verantwoordelikheid<br>Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Kan jy dalk vir my 'n voorbeeld hiervan gee? | |

| | | |
|---|---|---|
| O1: | Sy sal byvoorbeeld vir 'n kind iets sê soos: "duh, jou dommie..." as hulle iets verkeerd geantwoord het in die klas. Sy bedoel dit nie afbrekend nie, ek dink dat sy dink sy maak net 'n grap. Toe ek met haar daaroor praat toe skree sy op my en storm uit die klas en gaan huil in die badkamer. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Ek verstaan wat jy bedoel. Baie dankie dat jy bereid was om met my te gesels oor Deelnemer B. | |

**Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude**
**Onderhoud met Onderwyseres 2: Deelnemer B**

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| O2 | Onderwyseres 2 |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek gaan jou 'n paar vrae vra oor Deelnemer B. Vertel my bietjie van haar. | |
| 02: | Deelnemer B is 'n energieke kind, is altyd vriendelik met 'n glimlag op haar gesig en is altyd bereidwillig om te help waar sy kan. | Sosiale verantwoordelikheid<br>Gelukkigheid |
| N: | Kan jy my bietjie van sy gedrag in die klas vertel? | |
| 02: | Sy kan goed op haar eie aangaan met werk. Sy hou sommer ook die res van die klas stil. As jy iemand nodig het om enige guns te doen, vra haar en jy weet dit sal gedoen wees. In die klas doen sy haar werk en sy is 'n lieflike kind, sy weet net nie altyd waar die toepaslike grense is nie. | Onafhanklikheid<br>Sosiale verantwoordelikheid<br>Selfaktualisering<br>Impulskontrole |
| N: | Vertel my meer? | |
| 02: | Maar sy bly 'n dierbare kind wat altyd wil help en dit geniet om vir ander takies te verrig. | Sosiale verantwoordelikheid |
| N: | Baie dankie vir jou deelname aan hierdie navorsing. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude
## Onderhoud met Onderwyseres 3: Deelnemer B

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| O3 | Onderwyseres 3 |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek waardeer dit. Ek gaan jou 'n paar vrae vra. Vertel my van Deelnemer B? | |
| O3: | Wat 'n dierbare mens. – grens dalk effe te veel aan naïwiteit, wat vir haar dalk 'n probleem kan veroorsaak. Sy is 'n liewe kind wat meestal glimlag. Sy is baie leergierig en nuuskierig, maar wil ook baie graag alles van almal weet en oral help. Sy is baie betroubaar. | Gelukkigheid<br>Selfaktualisering<br>Onafhanklikheid |
| N: | Hoe sou jy haar gedrag in die klas beskryf? | |
| O3: | Sy kan goed op haar eie werk en kan self sukkel tot sy regkom. Sy wil dan net graag erkenning hê. Sy 'n gelukkige kind wat meestal glimlag. | Onafhanklikheid<br>Gelukkigheid |
| N: | En op die speelgrond? | |
| O3: | Sy help die ander kinders waar sy kan. As jy iemand soek om voor 'n werkie te gee is dit sy. Sy help die kinders en die onderwysers. Sy raak egter maklik kwaad en gespanne, maar onttrek haarself die meeste van die tyd. | Sosiale veranwoordelikheid<br>Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Kan jy vir my 'n voorbeeld hiervan noem? | |
| O3: | Sy het eenmaal vreeslik ontsteld geword toe 'n ander onderwyser volgens haar onregverdig was en nie na haar wou luister nie. Toe gaan huil sy in die badkamer. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Baie dankie vir jou deelname aan hierdie navorsing. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude

## Onderhoud met Deelnemer A se moeder

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| M | Moeder |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek waardeer dit werklik. Kom ons gesels bietjie oor Deelnemer A. Vertel my van jou kind. | |
| M: | Dis my plesier om hier te wees. Julle is so goed vir hom hier by die skool. Hy is 'n liewe ding, van kleins af sy ma se oogappel gewees. Hy wil graag ander tevrede stel en sal soms dinge vir ander doen omdat hy voel hulle goedkeuring hang af van die mate waarin hy dit suksesvol afhandel. Hy ken homself nie en weet nie werklik wat hy voel nie. Maar hy is baie verantwoordelik, hy kan op sy eie werk en sy eie besluite neem, maar hy glo nie in sy eie vermoëns nie. Hy help altyd waar hy kan en kry ander mense vreeslik maklik jammer. Hy wil altyd ander help. Hy maak altyd vriende met kinders wat stiller as hy is, hy versorg ander. Hy stres maklik, dan kan hy nie slaap nie en dan is hy bakleierig. Hy het goeie verhoudinge met ander, ons kry altyd komplimente oor hoe hulpvaardig en vriendelik hy is. | Selfwaarde<br>Bewustheid van self<br><br>Onafhanklikheid<br><br>Selfwaarde<br>Sosiale veranwoordelikheid<br>Interpersoonlike verhoudinge |
| N: | Hy is 'n liewe ding. Gee vir my inligting oor hy sy emosies hanteer? | |
| M: | Hy word maklik kwaad en dan gooi hy goed, ek dink hy raak moedeloos en word dan so kwaad. As hy en sy suster baklei dan wil ek van my kop afraak want sy sukkel met hom en dan kan hy eintlik niks doen nie, dan slaan hy sy kasdeur. Deelnemer A weet nie wat hy voel nie en dink dus nie mooi wanneer hy probleme moet oplos nie. | Ontoepaslike hantering van emosies<br><br>Bewustheid van self<br>Probleemoplossing |
| N: | Kan jy my dalk 'n voorbeeld gee? | |
| M: | Hy het eenmaal in sy vorige skool van sy boeke by die huis vergeet. Hy was so kwaad vir homself dat hy nie gedink het dat hy my kan bel en vra dat ek dit vir hom moet bring nie. Hy het kwaad geword en sy skooltas geskop, toe skakel die skool my oor sy gedrag en entlik kon die hele ding rustig opgelos gewees het as hy my net gebel het. So hy dink nie nugter nie. | Ontoepaslike hantering van emosies<br>Probleemoplossing |
| N: | Vertel my van sy skoolwerk? | |
| M: | Hy werk baie hard, hy kry vir die eerste keer in sy lewe goeie | Selfaktualisering |

| | | |
|---|---|---|
| | punte en hy blom. Elke punt wat hy huis toe bring is vir hom soos 'n prys wat hy gewen het. Hy het op 'n stadium amper al sy vakke gedruip, maar hier gaan dit met hom goed. Hy is 'n gelukkiger kind. | Gelukkigheid |
| N: | Dit was seker vir hom baie sleg toe hy so swak gedoen het? | |
| M: | Ja, hy was op 'n stadium glad nie gelukkig nie, maar omdat hy so groot Christen is, glo hy dinge sal altyd vir hom uitwerk soos dit moet. | Gelukkigheid<br>Optimisme |
| N: | Baie dankie dat jy jou kind met my gedeel het vandag. | |

## Inhoudsanalise en tematiese kodering van getranskribeerde onderhoude
## Onderhoud met Deelnemer B se moeder

| Sleutel vir kodering | |
|---|---|
| N | Navorser |
| M | Moeder |

| | | |
|---|---|---|
| N: | Baie dankie dat jy bereid is om jou tyd met my te deel. Ek waardeer dit werklik. Kom ons gesels bietjie oor Deelnemer B. Vertel my van jou kind. | |
| M: | My kind is 'n dierbare kind, sy probeer altyd help. Sy is baie vaardig, kan omtrent alles doen. Sy help my baie in die huis en haar hande staan vir niks verkeerd nie. Sy is pligsgetrou en werk hard aan alles wat sy aanpak. Sy het goeie verhoudinge met ander, en sy probeer altyd die minste wees. Sy was nog altyd 'n vreugdevolle kind. Sy probeer haarself gelukkig hou. | Sosiale veranwoordelikheid<br>Selfwaarde<br>Selfaktualisering<br>Interpersoonlike verhoudinge<br>Gelukkigheid |
| N: | Sy is 'n pragtige kind. Gee vir my inligting oor sy haar emosies hanteer? | |
| M: | Sy bly nogal lank kwaad en huil maklik oor goed. Ek sê altyd vir haar sy is oorsensitief en sy moet nie so maklik haar gevoelens laat seermaak nie. | Ontoepaslike hantering van emosies |
| N: | Kan jy my dalk 'n voorbeeld gee? | |
| M: | Sy was kwaad vir 'n vriendin en toe het sy haar sommer van MXIT afgevee, die arme vriendin het alles probeer om dit verhouding te herstel maar sy was nog te kwaad. As sy kwaad is praat sy nie met jou nie. Dit het lank geneem voor hulle weer vriende geword het. | Ontoepaslike hantering van emosies |

| | |
|---|---|
| N: Vertel my van haar skoolwerk?<br><br>M: Sy werk baie hard, sy wil graag na skool skoonheidsterapie gaan studeer en dan vir 'n jaar op 'n skip gaan werk. Sy stel vir haarself doelwitte op en probeer dit bereik. Sy werk op haar eie, ek hoef nooit te vra of haar goed gedoen is nie.<br><br>N: Baie dankie dat vir wat jy vandag oor jou kind met my gedeel het. | Selfaktualisering<br><br>Onafhanklikheid |